

Hoë pieke se bekoring troef ontbering – Mike Bolhuis

Deur **Alet Joubert** 17 Maart 2017 10:47



Mike Bolhuis met die kruin van die Aconcagua-berg agter hom, waar hy en sy klimmaat maar net nie kon uitkom nie.

Hy is nie iemand wat maklik tou opgooi nie. Mike Bolhuis, private speurder van Pretoria, moes egter uiteindelik bes gee teen berg Aconcagua in Argentinië. Bolhuis (57) en 'n jare lange vriend, Corné Maré (46), is pas terug van hul laaste bergklimekspedisie.

“Ons het al Kilimandjaro en die Rwenzori in Afrika geklim, asook Cotopaxi en Chimborazo in Ecuador. Berg Aconcagua was egter verreweg die taaiste,” sê Bolhuis oor dié uitdagings wat hulle jaarliks aanpak as deel van 'n bewusmakingsveldtog teen misdaad.

Die berg is op 6,961 m die hoogste buite Asië.



Corné Maré het effense vriesbyt) aan sy neuspunt opgedoen

Bolhuis en Maré het vier dae lank sowat 'n kilometer onder die kruin gewag vir die perfekte geleentheid om die spits te bereik. Vier dae “wat soos vier weke gevoel het”.

“Jy hoor die wind soos 'n trein aankom van die basiskamp af. Dit waai teen tussen 50 km en 100 km per uur en lig alles soos 'n graaf op. Die temperatuur is tussen -20 °C en -40 °C.”

Alles is 'n gesukkel. “Jou kos verteer nie, want jou liggaam is te koud. Die kondensasie in die tent sneeu op jou neer. Jy kan nie 'n draai loop nie, want alles vries vas. En vir nommer twee moet jy dit toedraai in 'n koerant en in 'n spesiaal genommerde oranje plastieksak sáám met jou afvat,” sê Bolhuis.

Op die ou end was net Bolhuis, Maré en Carlo Gonzalos, hul gids, op die berg oor nadat 'n Japanner, twee Australiërs en 'n paar Argentyne omgedraai het.

“As die son sak, is die wind nog erger. Jy bid baie, want as daai tent afwaai, is jy dood. Hoewel die Argentyne goed georganiseer is en daar ’n uitstekende reddingspan is, gaan niemand in daai weer na jou kan kom soek nie.”

En toe moes Bolhuis-hulle ook terugdraai.



Mike Bolhuis in Sao Paulo met 'n vinnige koffie voor een van vyf vlugte van altesaam 36 uur na Mendoza in Argentinië.

“Ja, ons is teleurgesteld, maar ook trots op wat ons bereik het. Onthou, ek en Corné is albei by die 1,9 m lank en weeg meer as 90 kg. Toe ons daar aankom, sê ’n Amerikaner: ‘Wat maak dié reuse hier? Hulle gaan nie die berg kan klim nie’, en ons het.”

Die twee “reuse”-Suid-Afrikaners het meer suurstof en ook meer kos nodig as korter en ligter klimmers. Hulle is egter topfiks en was goed voorberei danksy hul borge, Pharmatech en Idexis, wat die koste van digby die R400 000 vir voedingsaanvullings, toerusting en die uittog help dra het.

“Om van die berg af te kom is amper erger vir ’n lang ou soos ek. Die sneeu was by ’n meter dik en daai wind!”

Die bekoring bly egter groter as enige ontbering. Bolhuis en Maré beplan reeds aan die volgende ekspedisie. Dalk Denali in Alaska.

“Dit bring jou nader aan God, aan jou vrou en familie. Jy kom met ’n nuwe perspektief en respek terug. Jy kom kleiner terug, maar tog groter, want jy het waardering vir die geleentheid om deur ‘ ’n skoon bril’ na alles te kyk.”